

9 Februarie

Skrifgedeelte: Eksodus 20:15; Efesiërs 4:17-30; Heidelbergse Kategismus Sondag 42

Fokusgedeelte: Eksodus 20:15; Efesiërs 4:28

God se Gees werk die regte ingesteldheid teenoor ons besittings

Gierigheid is 'n hooforsaak waarom mense steel. 'n Mens is gierig wanneer jy nie tevrede is met wat jy het nie, en dan daarvan droom om ander mense se eiendom vir jouself toe te eien. Dit begin waar jy jouself liever het as jou naaste. Selfliefde veroorsaak ook dat jy nie omgee vir jou naaste en sy goed nie.

God verbied blatante diefstal en roof, maar ook al die verfynde vorme daarvan, soos vals voorstellings, verskuilde vangplekke in fynskrif, uitbuiting, woekerwins, roofkopiëring en gunslone (*kickbacks*).

Om te steel, is om iets van iemand anders te vat terwyl jy nie daarvoor gewerk het nie. Ons Here Jesus het ons bevry van die slawerny van sonde. Hy het ons ook bevry van die wortel van diefstal, ons gierigheid. Hy het sy Gees gestuur om ons te vernuwe sodat ons sy beeld kan vertoon en volgens sy wil sal lewe. In Efesiërs 4 wys Paulus vir ons wat God se Gees in gelowiges se lewens doen. God se Gees verander ons ingesteldheid. In plaas daarvan om ander mense se goed te wil hê sonder om daarvoor te werk, werk sy Gees in ons die bereidheid om dit wat ons wel het, met mense in nood te deel. My belange staan nie alleen nie. Ander se belange word vir my ook belangrik.

Ons kan die agtste gebod – om nie te steel nie – alleen nakom wanneer ons van ons sondeslawerny bevry word en God se Gees ons lei.

Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2

Dr. EJ de Beer (Laeveld)